Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

4 Mei 2022
Nuusbrief No 15

Liewe Ouers,
Ons herinner aan môre se Mobile Zoo besoek. Trek Parkiehempies bo-oor 'n warm top aan asseblief.
Onthou om u kind se toestemmingsvormpie terug te stuur skool toe.

Personeel:

- Parkieland heet ons nuwe Laerskoolhoof, Mnr. Gerhard Pieterse welkom.
- Hy het gister amptelik by ons begin, en die personeel sien uit daarna om die pad saam met hom te stap en ons skool net tot nog hoër hoogtes te neem.
- Ons hoop dat Mnr. vinnig tuis sal voel en ons Parkiekultuur sal omarm!

Nuwe ouers en kleuters:

- Baie welkom aan die ouers en kleuters wat by ons aangesluit het gedurende Mei maand.
- Ons hoop en vertrou dat julle al welkom voel en vinnig deel sal voel van ons wonderlike skool en kultuur.

Mandjiemark:

- Baie dankie vir almal se bydraes vir die Mandjiemark. Dit word baie waardeer.
- Die Ouerkomitee gaan die mandjies die naweek mooi opmaak, en dan kan die verkope begin!
- U sal volgende week die kaartjies ontvang om te verkoop.

Moedersdag: Sondag 8 Mei 2022:

- Die personeel wens elke Mamma 'n besondere geseënde dag toe vol liefde, vreugde en vrede saam met julle geliefdes.
- Ons kleutertjies werk aan ietsie spesiaal vir Mamma. Onthou om dit Vrydag saam te neem.

Skoolfooie:

- Ons herinner u net dat skoolfooie asseblief voor die 7e van elke maand vereffen moet word.
- Baie dankie aan ouers wat in moeilike finansiële omstandighede skoolfonds bly betaal en dit nie agterweë laat nie.
- **Die bewyse van skoolfooie word gestuur aan:** finansies@menlolaer.co.za

Gedagte vir die week:
Woordeboek: *MOEDER*
(1) Iemand wat die beste in haar kinders sien, selfs al maak hulle haar gek.
(2) Onvoorwaardelike liefde.
Sien ook: Supervrou

♥PARKIELAND♥WAARDEER♥ONS♥MAMMAS♥

Vriendelike Parkie-groete,

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL

'n Lieflike geur

In vandag se gejaag na wind waar elkeen skarrel om kinders by die skool te kry, betyds te wees vir werk, afsprake na te kom, kruideniersware te koop en so gaan die lysie aan, moet ons onsself afvra:
"Hoe hanteer ek mense om my?."

2 Kor. 2:15 sê: "Ons is soos 'n aangename geur wat ander mense van Christus bewus maak. Ons versprei die wonderlike aroma van Christus tot eer van God."

Mag ons onthou om daar waar ons wandel 'n lieflike geur na te laat.

Daar was eenmaal 'n jong meisie wat baie lief was vir tuinmaak. Op 'n dag het sy in 'n katalogus die pragtigste rankplant gesien met die mooiste blomme. Sy het die sade bestel en haar tuin voorberei vir die pragtige blomme.

Nadat sy die sade geplant het, het sy gewag en gewag. Die plant het welig teen die muur gegroei, maar daar was geen teken van die pragtige blomme nie. Na 'n ruk het die meisie besluit om die rankplant af te sny want van die beloofde blomme het sy niks gesien nie. Sy wou net die plant begin afsny toe sy haar buurvrou hoor roep: "Baie dankie vir die pragtige plant wat jy geplant het. Dit is voorwaar die mooiste blomme wat ek ooit gesien het."

Verbaas het die meisie omgestap na haar buurvrou toe en kon nie haar oë glo toe sy die mooi blomme sien nie. Haar buurvrou se hele muur was oortrek met die mooiste blomme. Die buurvrou het weer die meisie bedank omdat die blomme soveel vreugde aan haar verskaf het. Dit was soos 'n groot geskenk.

Moraal van die storie:
"Net omdat jy nie die goeie resultaat van jou arbeid kan sien nie, beteken dit nie dat dit geen vrug gedra het nie."